GRAIN SA
GRAAN SA

*Junie 2011*

# PULA IMVULA

*Graan SA tydskrif vir ontwikkelende produsente*



## LEES BINNE:


**5** > **Garsproduksie in die Taung besproeiingskema**

**6** > **Finansiële uitdagings van plaasbestuur**

**9** > **Nominasies vir ons 2011 Ontwikkelende Graanprodusent van die Jaar**




6



6

# ‘n Halwe plan is beter as geen plan

VIR 'N BESIGHEID OM SUKSESVOL TE WEES, MOET DIT BEHOORLIK BESTUUR WORD. BEHOORLIKE BEPLANNING IS VAN KRITIESE BELANG OMDAT DIT DIE GRONDSLAG IS WAAROP ALLE ANDER BESTUURSTAKE GEBASEER IS.

Behoorlike bestuur impliseer dat die vier bestuurstake, beplanning, organisering, implementering en beheer, behoorlik uitgevoer moet word, elke taak die nodige aandag sal ontvang om die besigheid glad te laat loop om met verloop van tyd sekere doelwitte te bereik, soos om wins te maak.

Beplanning moet sekerlik die produsent se mees kritiese taak wees, aangesien dit die grondslag is waarop al sy boerdery-aktiwiteite gebaseer is. Beplanning kan beskryf word as die bepaling van toekomstige aktiwiteite wat nodig is om die spesifieke doelwitte van die besigheid te bereik en dan die aktiwiteite uit te druk in 'n skedule van een of ander aard (planne) oor hoe die aktiwiteite uitgevoer gaan word.

Dit word dikwels beweer dat 'n persoon nie rasioneel kan beplan binne die boerderysituasie nie en die rede is dat boerdery onderworpe is aan te veel onsekerheid en risiko, soos klimaatstoestande, siektes en prysskommelings van insette en produkte. Sulke risiko's en veranderlikes is uniek aan landbouproduksie en kan nie ontken word nie en stel 'n uitdaging in terme van beplanning aan 'n boerdery-onderneming. ‘n Halwe plan is egter beter as geen plan. Dit is raadsaam om te beplan

3



# Mme Jane sê...

Wat 'n vreugde was dit nie om deel van die paneel van beoordelaars te wees vir die Produsent van die Jaar kompetisie nie. Baie jare se werk is in ons ontwikkelingsprogram ingesit en dit was werklik wonderlik om in staat te wees om die vlakke van uitnemendheid wat deur sommige produsente bereik word, te sien. Die bepaling van die drie finaliste was uiters moeilik, want almal het so goed gedoen!

Terwyl dit so fantasties is om die vordering van sommige produsente te sien, is dit ook teleurstellend om te besef dat sommige mense regtig nie vordering maak nie. Ongelukkig het ons nog steeds produsente gesien wat nie die basiese dinge reg doen nie – grondvoorbereiding, bemesting, korrekte saad keuse en onkruidbeheer. As jy nie die basiese beginsels korrek doen nie, sal jy nooit 'n kommersiële produsent wees nie.

Baie dikwels vertel mense jou dat hulle nie die korrekte praktyke kan volg nie om die volgende redes – sommige sê dat hulle nie 'n trekker het nie, 'n paar blameer die koste van saad en kunsmis en 'n paar blameer die regering. As jy 'n goeie produsent wil word, moet jy 'n plan maak. Ons het die wonderlikste gewasse gesien wat met die hand geplant is – 'n klein stukkie grond kan 'n goeie oes lewer as jy die grond voorberei en gebruik maak van die korrekte saad en kunsmis en onkruidbeheer. Dit is baie beter om 'n kleiner area aan te plant (wat jy kan bekostig) en alles korrek te doen, as wat jy 'n groot area plant en dit nie goed doen nie, om watter rede ook al. Sodra jy 'n klein area bemeester het, kan jy dit uitbrei.

Ons moet onthou dat hierdie ontwikkelingsprogram van Graan SA befonds word deur die graan trusts (veral die Mielietrust) en diegene wat ons befonds, wil ons sien groei. As daar geen vordering sigbaar is nie, sal ons gedwing word om die program in dié area te staak. Dit sou inderdaad 'n hartseer dag wees as ons die ondersteuning aan produsente stop – maar dit is in jou hande. As die ondersteuning en opleiding wat ons verskaf het, waarde vir jou inhou, sal jy die nodige veranderinge implementeer in jou produksiepraktyke. Dit is moeilik om 'n suksesvolle produsent te word, maar dit is totaal in jou eie hande – ons is daar om aan jou al die opleiding en ondersteuning wat ons kan te bied, maar jy moet jou werkswyse verander!



# Terugvoer vanaf ons produsente

Goeie dag aan die Graan SA Ontwikkelingspan

My naam is John Billy Ngwenya. Ek is van Glenmore Village, Mlondozi-distrik in Mpumalanga Provinsie. Ek het met meganika begin in 1995 toe my Pa my geleer het. Ek het daarna 'n Motorherstelkursus bygewoon wat deur Mnr Israel Mokoto van Graan SA in September 2008 aangebied is.

Ek het die kursus voltooi en 'n sertifikaat ontvang. Ek doen vaardighede deur die kursus op, wat ek gebruik om trekkers vir ander produsente in die nabygeleë dorpe te herstel. Dankie aan Graan SA. Ek moedig alle ander mense aan om hierdie opleidingskursusse wat deur Graan SA gehou word, by te woon.

Groete

John Billy Ngwenya

# 1 'n Halwe plan is beter as geen plan

volgens 'n gemiddelde jaar en die beplanning aan te pas, sou daar uiterste omstandighede voorkom.

Tydens beplanning moet spesifieke aandag aan die volgende gegee word:

- Wat moet gedoen word?
- Waar moet dit gedoen word?
- Wanneer moet dit gedoen word?
- Hoeveel moet gedoen word?
- Hoe moet dit gedoen word?

## Praktiese beplanning

Praktiese beplanning vereis dat planne uitgedruk word in 'n geskrewe vorm en dit verg dissipline. 'n Mens moet dit doen en doen totdat dit 'n gewoonte word. Beplanning kan gedoen word in 'n dagboek, op 'n bord, elektronies of op enige ander manier. Hoe meer jy beplan, hoe meer realisties sal jou planne word, omdat dit gebaseer is op vorige ondervinding en inligting.

Beplanning is gewoonlik gebaseer en gedoen op 'n jaarlikse basis. Dit wat gedoen sal word gedurende die volgende jaar op die plaas. Maar daar moet ook 'n langtermyn plan wees wat gebaseer is op dit wat geproduseer sal word oor die langer termyn.

## Langtermyn beplanning

Dit is 'n baie breë plan wat aandui wat beplan is om op die plaas te produseer oor die langtermyn – tot vyf jaar of selfs langer. Beplan byvoorbeeld om 500 hektaar kontantgewasse per jaar te produseer, om vleis van die veld af te produseer en braaikuikens te produseer.

## Jaarlikse beplanning

Die jaarlikse plan moet bestaan uit ten minste twee artikels soos hieronder gelys:

### *Algemene plan*

Dit behoort in breë terme algemene optrede aan te dui wat gedurende die volgende jaar voltooi moet word, soos die verf van 'n sekere gebou, die oprigting van 'n nuwe heining, die instandhouding van heinings, die aankoop van 'n ander ploeg, kursusse/boeredae wat bygewoon gaan word, ensovoorts.

### *Produksieplan/planne*

Wat spesifiek gedurende die jaar geproduseer sal word, hoeveel en hoe en ook hoe elke produk bemark sal word. Die jaarlikse plan vir 2010/2011 moet die volgende produksie-aktiwiteite insluit, byvoorbeeld:

- Plant 400 hektaar geelmielies vir plaasdoeleindes, die balans moet verkoop word deur 'n kontrak aan 'n nabygeleë voerkraal.
- Plant 100 hektaar sonneblom, wat verkoop sal word deur 'n kontrak.
- Om 200 20 maande oue osse van die veld af te produseer en te verkoop aan YYY Supermark.
- Om 40 000 braaikuikens per maand te produseer wat verkoop sal word aan XXX Hoender Groothandelaars.

Die plan moet ook die algemene aktiwiteite insluit, byvoorbeeld:

- Verf die werkswinkel en die trekker stoor.
- Bou 'n dam in kamp nege.
- Herstel en onderhou alle drade.

## Maandelikse plan

Vanaf die jaarlikse plan – algemeen en produksie – moet 'n maandelikse plan saamgestel word. Die maandelikse plan vir Mei 2011 kan soos volg wees:

**Algemeen** – verf van die werkswinkel en trekkerstoor.

**Produksieplan** – ondersoek die mielielande en oes 100 hektaar sonneblom.

**Vee** – voorsien winterlek aan alle diere, gee kruipvoeding aan alle kalwers, speen die eerste van die kalwers, bepaal die massa en merk



# 'n Halwe plan is beter as geen plan

**Tabel 1: Daaglikse Plan**

| | Mielies | Sonneblom | Vee | Braaikuikens | Algemeen |
|---|---|---|---|---|---|
| **Maandag 09** | Ondersoek land vyf. | Oes tien hektaar van land drie. | • Kontroleer vee.<br>• Kontroleer winterlek, kruipvoer.<br>• Speen, merk, doseer, weeg 100 kalwers. | • Bere hok drie voor.<br>• Daaglikse aktiwiteite by hokke een en twee. | Verf werkswinkel. |
| **Dinsdag 10** | Ondersoek land ses. | Oes tien hektaar van land drie. | • Kontroleer vee.<br>• Kontroleer winterlek, kruipvoer.<br>• Speen, merk, doseer, weeg 100kalwers. | • Berei hok drie voor.<br>• Daaglikse aktiwiteite by hokke een en twee. | Verf werkswinkel. |
| **Woensdag 11** | Ondersoek land sewe. | Oes tien hektaar van land vier. | • Kontroleer vee.<br>• Kontroleer winterlek, kruipvoer.<br>• Maak tien water-krippe skoon. | • Berei hok drie voor.<br>• Daaglikse aktiwiteite by hokke een en twee. | Verf werkswinkel. |
| **Donderdag 12** | Ondersoek land agt. | Oes tien hektaar van land vier. | • Kontroleer vee.<br>• Kontroleer winterlek, kruipvoer.<br>• Maak res van water-krippe skoon. | • Berei hok drie voor.<br>• Daaglikse aktiwiteite by hokke een en twee. | Verf werkswinkel. |
| **Vrydag 13** | Ondersoek land nege. | Oes tien hektaar van land vier. | • Kontroleer vee.<br>• Kontroleer winterlek, kruipvoer.<br>• Herstel hek van kraal. | • Berei hok drie voor.<br>• Daaglikse aktiwiteite by hokke een en twee. | Verf werkswinkel (word vandag klaargemaak). |

alle kalwers, doseer kalwers met 'n breëspektrum middel en bepaal die massa van alle diere.

**Braaikuikens** – voer al die daaglikse aktiwiteite uit, merk huis nommer twee en berei huis nommer drie voor vir die nuwe groep hoenders.

## Weeklikse plan

Aan die begin van 'n maand kan die weeklikse planne vir elke week van die maand opgestel word. Die basis vir die weeklikse planne is die maandelikse planne, beide in algemene terme en produksiegewys.


## Daaglikse plan (aksie plan of operasionele plan)

Die finale plan moet dan die daaglikse plan wees, wat gedoen word aan die einde van die vorige week en in meer besonderhede aandui wat elke dag van die volgende week gedoen moet word. Byvoorbeeld: 9 - 13 Mei 2011. (Die weeklikse en daaglikse plan is gesamentlik in **tabel 1**).

Hoe korter die termyn van die beplanning, hoe meer detail moet by die planne bygevoeg word. Onthou ook dat planne kan en sal nooit vas wees nie, veral nie in 'n boerdery-onderneming nie. Daar is te veel onvoorsiene gebeure, soos veldbrande, breekskade, siekte van 'n stoetbul, ensovoorts.

Beplanning as 'n bestuurstaak dien as die basis vir organisering en implementering wat bespreek sal word in 'n toekomstige artikel. Sonder beplanning kan daar ook geen behoorlike beheer wees nie, omdat beplanning dien as die eerste stap in die stel van standaarde wat nodig is vir beheer.

Tydens die proses van beplanning en ook organisering, implementering en beheer, moet die bestuurder homself verbind aan sy ander bestuuraktiwiteite, naamlik leierskap, kommunikasie, motivering, delegering, koördinering, besluitneming en die handhawing van dissipline. Die mate van betrokkenheid by hierdie aktiwiteite sal bepaal word deur die grootte van die besigheid.




INLIGTING SAAMGESTEL UIT DIE BOERDERYBESTUUR VIR WINS HANDLEIDING DEUR MARIUS GREYLING

# Garsproduksie in die Taung besproeiingskema

**2010 was 'n jaar vol uitdagings vir die aanplanting van gars in die Taung Besproeiingskema. Verskeie uitdagings moes oorkom word, onder andere die bekendstelling van die kultivar, Cocktail, die ryp en koue wat voortgeduur het tot September, die reën wat geval het, haelstorms en minimum bewerking.**

Die bekendstelling van Cocktail as 'n nuwe kultivar in die Taung Besproeiingskema was 'n groot uitdaging. Cocktail het homself bewys as 'n kultivar wat die potensiaal het om baie hoë tonnemaat te produseer. In die geskiedenis van garsaanplanting in Taung, is Cocktail die eerste om die tonnemaat te produseer wat in die vorige seisoen geproduseer is. Daar was 'n paar lande wat 7,9 ton per hektaar geproduseer het. As dit nie was vir die uitdagings hierbo genoem nie, sou Cocktail sy waarde bewys het. Die probleem was siftings en stikstof wat nie aan die SABM standaarde voldoen het nie. Dit het 'n verbetering in die tonnemaat van gars getoon sedert dit in die Taung besproeiingskema in 1981 bekendgestel is.

2010 was 'n jaar wat deur koue/sneeu geteister was. Koue en ryp het voortgeduur tot Oktober. Dit beteken dat die ryp die gars beïnvloed het op verskillende stadiums wat wissel van die bot stadium, die bloeisel stadium, die sagte deeg stadium en ook toe dit reeds ryp was. Dit het die gars baie negatief beïnvloed. Klimaatstoestande is baie belangrik by die aanplanting van gars. Daar was 1 129 ton en stikstof wat laer was as 1,35, wat 'n aanvaarbare standaard vir die SABM was toe 33 ton verlede jaar verkoop is as siftings.



## Garsproduksie in die Taung besproeiingskema

Te veel reën kan ook die kwaliteit van gars beïnvloed. Ten tye van die oestyd in 2010, was dit ook die begin van die somerreëns. Die oes van gars begin op 8 November en op 12 November het die somerreën begin val. Op daardie stadium was baie min van die gars geoes. Lande wat nie geoes is nie, is gevang deur die reën en het 'n toestand gehad bekend as "voor-ontkieming". SABM het egter ondersoeke gedoen oor hoe hulle en die produsente mekaar kan help en ook oor hoe hulle die gars tot hul voordeel kan benut.

Haelstorms kan verlaagde produksie en opbrengs tot gevolg hê. Ongeveer 140 hektaar is beïnvloed deur die hael. Haelstorms het vir drie agtereenvolgende kere voorgekom. Volgens die versekeringsmaatskappye wissel die skade tussen vyf en sewe en veertig persent. Dit is 'n bewys van hoeveel en tot watter mate die opbrengs verlaag het. Lande wat gewoonlik tussen ses en sewe ton per hektaar kon produseer, kon slegs daarin slaag om 4,9 ton per hektaar te produseer.

Dit was ook belangrik om 'n manier te vind om die koste van implemente te verlaag. Dit is dus beter om minimum bewerking te gebruik. Hierdie metode verminder die gebruik van implemente – jy kan meer as een operasie gelyktydig uitvoer. Op hierdie manier kan jy diep losmaak, plant en kunsmis toedien, alles gelyktydig. Met die gebruik van hierdie metode was dit moontlik om ongeveer 6,8 ton per hektaar op honderd en twintig hektaar te produseer.

Produsente het hierdie jaar uitdagings gehad waaruit hulle baie geleer het. Van die oes is 3 688 ton ook gebruik as veevoer.

**JOHANNES KOKOME, GARSPRODUKSIE BESTUURDER BY SUID-AFRIKAANSE BROUERYE IN TAUNG**



# Finansiële uitdagings van plaasbestuur

**OM WINSGEWEND TE WEES, MOET 'N BOERDERY EERSTENS PRODUKTE PRODUSEER WAT KLIËNTE NODIG HET. OM DAARNA VOLHOUBARE WINS TE GENEREER, MOET DIE BESTUUR VAN 'N BOERDERY-ONDERNEMING MET TYD VERBETER.**

### Behoeftes van mense

Van die skepping van die mensdom af, het die mens goedere nodig gehad om te kan leef. Kos was nog altyd 'n basiese behoefte, tesame met klere en skuiling. In die begin het die mensdom self in sy behoeftes voorsien deur te jag, wilde plante te oes, eie klere te maak en geskuil in grotte.

Soos die mens gevorder het, het sy behoeftes ook gevorder tot die hoë vlak behoeftes van vandag. Die mens het ook verskuif van selfversorgend na die aankoop van die meeste van sy behoeftes. Oor die algemeen voorsien besighede vandag in die moderne wêreld in feitlik al die behoeftes van die mens in ruil vir geld.

Ons het dus vandag geld nodig om te ruil vir al ons behoeftes. Ons kan net geld kry deur te werk om 'n inkomste te verdien. Jy werk of vir jouself, of vir iemand anders. As jy gekies het om vir jouself te werk, soos met die geval van 'n boerdery-onderneming, moet die besigheid finansieel suksesvol wees. In die landbou is dit slegs moontlik as jou besigheid 'n produk of produkte bied wat mense nodig het, om vir die eienaar 'n inkomste te verkry.

Slegs indien 'n besigheid winsgewend is, kan die eienaar 'n inkomste (salaris) verdien. Indien daar 'n verlies is, is daar geen inkomste vir die eienaar of eienaars nie.



## Inkomste en uitgawes

Die behoeftes wat deur besighede voorsien word, word verkoop aan verbruikers. Die geld wat ontvang word in ruil vir die behoeftes, is die inkomste van 'n besigheid.

Tydens die proses van vervaardiging en/of lewering van die behoeftes van 'n besigheid, word sekere koste of uitgawes aangegaan. Hierdie koste word verdeel in verskillende groepe:

- **Produksiekoste** – saad, kunsmis, plaagdoders, medisyne, oes-en bemarkingskoste.
- **Oorhoofse koste** – bankkoste, kantoorkoste, rekenmeesters-en voertuigkoste.
- **Vastekoste** – lisensies van voertuie, lone van permanente werknemers, waardevermindering en versekering.
- **Ander koste** – rente op lenings, salaris van 'n bestuurder en huurgeld.

Totale koste wat die totaal van al hierdie koste is.

## Wins/verlies

Wins is gelyk aan inkomste wat meer as die totale uitgawes is.

**INKOMSTE - UITGAWES = WINS/VERLIES (I - U = W/V)**

Of in landbouterme:

**INKOMSTE (BRUTO PRODUKSIEWAARDE) -**
**PRODUKSIEUITGAWES = BRUTOMARGE -**
**OORHOOFSE EN VASTE KOSTE = NETTO**
**BOERDERYINKOMSTE - ANDER KOSTE = WINS**

## Prysnemers en die uitdaging

Tydens die primêre produksieproses is produsente prysnemers, beide in terme van inkomste (prys) en uitgawes. Beide inkomste en uitgawes neem oor tyd toe, maar op verskillende vlakke. J. Willemse het in die Landbouweekblad van 26 Maart 2010 berig, dat met inagneming van die totale landbou-(boerdery) industrie, die inkomste in 2009 met slegs 2,6% vir die jaar toegeneem het, terwyl uitgawes met 8% toegeneem het. Hierdie persentasies wissel van jaar tot jaar, maar skep die sogenaamde kosteprys knyptang. Die knyptang geneem oor jare, kan uitgebeeld word in **figuur 1**. (Bron lys: Willemse, J. 2010, Resessie sweepslag knyp Landbou Landbouweekblad. 26 Maart 2010).

Indien die manier waarop dinge op 'n plaas gedoen word dieselfde bly jaar na jaar, sal die gaping tussen inkomste en uitgawes verdwyn en sal dit al hoe moeiliker word om 'n wins te maak. Vanuit 'n finansiële oogpunt is dit dus nodig dat die bestuur van 'n boerdery voortdurend moet verbeter om finansiële sukses te handhaaf.

Dit kan gedoen word deur ernstige en volgehoue aandag om die bestuur op alle gebiede van 'n boerderyonderneming te verbeter. Die doel moet wees om inkomste wat meer as uitgawes is, met verloop van tyd te verbeter, soos aangedui in **figuur 2**.

Nie 'n maklike taak vir 'n plaasbestuurder nie, as alle faktore buite sy/haar beheer in ag geneem word. Dit is die grootste uitdaging vir 'n eienaar/bestuurder van 'n boerdery-onderneming. In die praktyk moet 'n mens altyd kyk na die finansiële uitwerking in terme van inkomste en uitgawes wat gedoen of nie gedoen is in terme van ons besigheid.









# Finansiële uitdagings van plaasbestuur

*Figuur 1: Wins, verlies en gelykbreek punt.*




*Figuur 2: Die uitdaging.*




## Gevolgtrekking

Ten slotte, om winsgewend te wees, moet 'n boerdery eerstens produkte lewer wat kliënte nodig het. Daarna moet die bestuur van 'n boerdery-onderneming voortdurend verbeter om volhoubare wins te verseker.

INLIGTING SAAMGESTEL VANUIT DIE BOERDERYBESTUUR VIR WINS HANDLEIDING DEUR MARIUS GREYLING

***Hierdie spesiale bylaag is moontlik gemaak deur die bydrae van die Wintergraantrust.***

# Nominasies vir ons 2011 Ontwikkelende Graanprodusent van die Jaar

**Dit is byna onmoontlik om te dink dat ons weer by hierdie tyd van die jaar is. Ons het besluit om die produsente vanjaar vroeër te besoek, sodat ons die gewasse kan sien terwyl hulle nog groen is.**

Ons besoek was van 11 - 14 April en die lede van die paneel was Karabo Peele (Mielietrust), Gerhard Mamabolo (AgriSETA), Jenny Mathews (werkgroep), Dirk van Rensburg (werkgroep), Willie Kotzé en Jane McPherson (personeel in die program).

Ons is baie dankbaar dat Volkswagen in Klerksdorp ons geborg het met ‘n voertuig om te gebruik tydens die toer en dus kon ons almal saam reis. Die genomineerdes vir die Ontwikkelende Graanprodusent van 2011 is as volg:

## Koos Mthimkhulu

Koos is gebore in Paul Roux, op die plaas van Julius Bobbert. Hy het die plaaslike plaasskool bygewoon tot Standerd 1. Van hierdie vroeë ouderdom af speel hy met die produsent se seuns totdat hy verskillende take op die plaas begin verrig het. Hy het begin in die melkery met koeie melk, toe met beeste en ander vee gewerk, later met trekkers en verskillende implemente. Dit het hy vir vyf jaar gedoen. Koos was die vragmotorbestuurder op die plaas en begin sweis in die plaas werkswinkel waar hy implemente bou en herstel. Op die ouderdom van 26 het hy verhuis na die plaas Mieliebult van Frikkie du Preez, waar hy baie geleer het oor implemente, sweiswerk en oesaanplanting.

Frikkie het 'n belangrike rol gespeel in die ontwikkeling van Koos, van 'n plaaswerker tot 'n kommersiële produsent. Hy het 'n baie ondervinding opgedoen terwyl hy vir Frikkie gewerk het. Frikkie het ook aan hom 'n aantal implemente verkoop, wat Koos betaal het soos geld beskikbaar geword het. Met behulp van die implemente wat Koos gekoop het van Frikkie, het hy kontrakteurswerk begin doen vir ander ontwikkelende produsente in die Senekal area. Die kontrakteurswerk het die inkomste gegenereer wat hy gebruik het om die toerusting mee af te betaal.

Koos het 'n John Deere 3140 en 265 Massey Ferguson trekkers en 'n paar implemente bekom om die kontrakteurswerk te doen. Hy het ‘n deel van die inkomste van die kontrakteursbesigheid in beeste belê. Later huur hy 55 hektaar bewerkbare grond waar hy mielies plant en 'n gemiddeld van drie ton per hektaar gedurende die eerste jaar ge-oes het. Die Departement van Grondsake het die plaas Astoria in 2007 vir hom aangebied, waar hy tans 'n opsigter produsent is. Koos is 'n uiters bekwame produsent en sê hy is dankbaar vir die ondersteuning wat hy kry van Graan SA en die Departement van Grondsake en wat hulle gedoen het vir hom, maar hy besef dat die produksie van kontantgewasse op marginale grond nie volhoubaar op die lang termyn



*Die lede van die paneel was Karabo Peele, Jane McPherson, Gerhard Mamabolo, Jenny Mathews, Dirk van Rensburg en Willie Kotzé.*

# Nominasies vir ons 2011 Ontwikkelende Graanprodusent van die Jaar



*Koos en Lydia Mthimkhulu in hulle kombuis.*



*Thando Lolwane staan gereed om te begin werk op sy lande.*



*Malefane Makubo verduidelik sy liefde vir boerdery.*

is nie. Die kontrakte loop van jaar tot jaar en die huidige getekende kontrak tussen die Departement van Grondsake strek vanaf 10 November 2008 tot November 2009 met die opsie van Grondsake om die jaarlikse kontrak te hernu indien die plaas goed onderhou en bewerk is. In die verlede was dit vir produsente moontlik om die titelakte van grond te verkry, maar die beleid is verander en dit is nie duidelik of Koos ooit titelakte van hierdie grond sal kry nie. Grondsake is baie tevrede met die prestasie tot dusver en het aangedui dat die opsigter ooreenkoms hernu sal word.

Omdat Koos bekommerd is oor die winsgewendheid van graanproduksie op laer potensiaal gronde in die Senekal-distrik, wil hy sy kontrakteursbesigheid verhoog. Hy is ook op soek na hoër potensiaal gronde wat hy kan huur vir mielies en sonneblom produksie. Hulle wil ook die getal vleisbeeste verhoog op die plaas. Van sy grootste bekommernisse sluit wanpraktyke in die Departement van Landbou in, wanneer dit kom by die uitreiking van implemente aan produsente. Koos wil graag die watertoevoer uitbrei na al die kampe op sy plaas, meer beeste koop en aangeplante weiding op die vlakker gronde aanplant.

Koos is 'n baie goeie voorbeeld van iemand wat met niks begin het nie en homself opgewerk het tot waar hy vandag is. Dit gee ‘n mens baie plesier om hom op sy plaas te besoek, want alles word goed onderhou en netjies gehou. Al sy toerusting is goed versorg en word in 'n skuur gestoor. Hy is getroud met Lydia en het drie kinders, twee dogters wat albei getroud is en 'n seun Clifford. Petunia, een van sy dogters, het ‘n graad in landbou en werk as 'n voorligtingsbeampte in die Ficksburg omgewing. Clifford het 'n tweejaar-kursus in bemarking en landbou, het in die polisiemag vir twee jaar gewerk en is permanent op die plaas, waar hy saam met sy pa boer. Hy is baie sterk meganies en dit word in die uitstekende toestand van sy eie implemente weerspieël. Koos en sy familie woon op die plaas en is 'n goeie voorbeeld van die transformasie wat in die sektor nodig is.

## Thando Love Lolwane

Thando is gebore in1957 op Gelukspan (Bapong). Hy is die negende seun van Stention en Francinah Lolwane se 12 kinders. Hy begin skoolgaan in 1966 by Motswenyane Primêre Skool en verlaat skool in 1971 net na Standerd 5 (graad 7).

In1997 het hy begin werk by Stilfontein Paneelkloppers as 'n algemene werker en daarna by die Marico Foodstar as 'n masjienoperateur vir 'n paar maande. Daarna het hy die Stilfontein goudmyn as 'n ondergrondse treinbestuurder gaan werk.

Hy is getroud met Atholia Lolwane en hulle is geseën met vyf kinders, twee dogters en drie seuns. Sy oudste kind Jakob (32), is tans werksaam by die Departement van Gesondheid op Schweizer-Reineke. Progress (30) werk vir Maatskaplike Ontwikkeling. Gladwin (28) werk vir die weermag en werk tans saam met sy pa op die plaas. Primrose (24) is besig met Landboustudies by Talese VOO, terwyl Nomvalo (16) besig is met haar graad 10 by Bethel Hoërskool. Gladwin is baie geïnteresseerd in landbou en help sy pa op die plaas.

Thando begin boer in1982 deur sy pa te help. In 1983 het hy daarin geslaag om 'n lening te kry van Agribank (Bophuthatswana) en begin sy 75 hektaar met een trekker bewerk. In 1989 koop hy 'n ander 6010 Ford trekker. Hy koop ‘n plaas van 400 hektaar in Klippan, huur 'n ander plaas van 249 hektaar by Lareystryd en huur ook kommunale grond by Gelukspan. In 2008 was Thando dieToyota New Harvest Boer van die Jaar. Volgens Thando is landbou die lewe!

## Malefane Makubo

Malefane is gebore in Petrus Steyn op 25 September 1949. Hy het grootgeword op die plaas van mnr CA Claasen in die Petrus Steyn area. Hy begin skool en voltooi Graad 4 op Danielsrus Primêre Skool naby Petrus Steyn. Malefane is lief vir die plaas en begin werk op die ouderdom van twaalf. Hy was voltyds in diens op die ouderdom van 15. Malefane sê dat



*John Dipane op sy lande.*



*Boy Mokoena wys sy sonneblomoes aan die paneel.*



*David Motswene op sy lande.*

hy op daardie stadium 50 sent per maand verdien het en het die volle salaris (R2 per maand) eers verdien toe hy in staat was om 'n 200 pond sak mielies op sy kop te dra!

Malefane het die plaas verlaat en vir VKB gewerk – hy sê hy het goed verdien en dit het dit moontlik gemaak om te trou (dit was R10 per maand). Na 'n paar jaar het die kommersiële produsent hom gevra om terug te keer plaas toe. Hy sê hulle het goed geleef en 'n bonus ontvang na die oes van 20 sakke mielies – dit was goeie geld.

Malefane wou in stede op konstruksieterreine werk en daarom verhuis hy na QwaQwa sodat sy pasboek hom kon toelaat om die gebied te verlaat. In 1990 besluit Malefane om die stede te verlaat en huis toe te gaan om in QwaQwa 'n plaas te koop. Aanvanklik is die plaas net aan hom verhuur (R3 500 elke ses maande), maar hy is later in staat om die plaas met 'n Landbank lening te koop, wat hy ten volle terugbetaal het. Hy koop die plaas van 560 hektaar waarvan 200 hektaar bewerkbare grond is.

Malefane sê dat dit sy beleid is om lenings terug te betaal wanneer hy 'n inkomste uit die plaas kry – sy eie behoeftes moet wag totdat die terugbetaling nagekom is. Hy het al sy lenings terugbetaal en boer nou met koring, mielies, sojabone, droëbone, vleisbeeste en ook 'n klein melkery. Malefane is positief oor die toekoms en geniet boerdery.

## John Dipali

John is gebore op die plaas Vaalbank in die Senekal distrik. Hy gaan skool op Vaalbank plaasskool tot graad 6. Na vier jaar op die plaas het hy by die Paaie Departement in 1970 aangesluit as 'n skraperoperateur. Hy het 23 jaar lank skrapers vir die Departement van Paaie en Openbare Werke bestuur. John is getroud met Jeanette (wat skoolgehou het by 'n primêre skool in Senekal vir 30 jaar) en hul kinders is getroud.

John en vier vriende het die plaas Rooikoppies gekoop, maar hulle verkoop dit in 2005 aan mnr Mohapi. John het die plaas Concordia met die hulp van Grondsake in 2005 gekoop. Hy het reeds 'n titelakte vir die plaas. Hy is gelukkig met die hulp wat hy tot dusver ontvang het vanaf die Departement van Landbou, Grondsake en Graan SA. Hy is 'n baie konserwatiewe produsent. Sy plaas beslaan 'n totaal van 277 hektaar en hy huur ook 'n bykomende 114 huur hektaar bewerkbare grond.

Sommige van die uitdagings wat veroorsaak dat hy bekommerd is, is die hoë insetkoste en lae graanpryse. Sy boerderypraktyke is goed en hy werk met goeie toerusting op die plaas. Omdat John nie meer 'n jong man is nie, beplan en organiseer hy baie goed om al die werk binne 'n goeie tyd klaar te kry.

## Boy Mokoena

Boy is gebore in Middelburg in 1948 op die plaas waar sy ouers werksaam was. Hy is getroud en het vier kinders. Hy het nooit skoolgegaan nie en het as 'n jong seuntjie liefde vir die landbou ontwikkel as 'n veewagter. In daardie dae was dit nie verpligtend om skool te gaan nie en sodoende het hy sy liefde vir die natuur ontwikkel.

Hy begin werk op die plase van kommersiële produsente en werk homself op van 'n gewone arbeider na 'n trekkerbestuurder en uiteindelik as 'n voorman. As 'n voormalige veewagter het hy ook 'n passie vir beesboerdery. Hy besit tans twee honderd kommersiële beeste op sy plaas.

Ongeveer vyftien jaar gelede het Boy ongeveer agthonderd kommersiële vleisbeeste besit en een van die grootste foute wat hy ooit gemaak het, was om die beeste te verkoop om toerusting te finansier en akkerbougewasse te plant. Boy het ook 'n spilpunt van ongeveer 40 hektaar op sy plaas wat vyf jaar gelede opgerig is. Ongelukkig is die kabels op die spilpunt en die pompstasie gesteel.

Omdat hy nie geletterd is nie, het Boy nie sy kinders benadeel deur nie aan hulle geleerdheid te gee nie. Sy drie kinders het die platteland verlaat en doen goed in die stad. Sy dogter help hom met die administrasie en




*Die publikasie word moontlik gemaak deur die bydrae van die Mielietrust.*

**GRAAN SA**
Posbus 88, Bothaville, 9660
▸ (056) 515-2145 ◂
www.grainsa.co.za

**PROGRAMBESTUURDER**
*Jane McPherson*
▸ 082 854 7171 ◂

**BESTUURDER: OPLEIDING & ONTWIKKELING**
*Willie Kotzé*
▸ 082 535 5250 ◂

**SPESIALIS: VELDDIENSTE**
*Danie van den Berg*
▸ 071 675 5497 ◂

**VERSPREIDING: PULA-IMVULA**
*Debbie Boshoff*
▸ (056) 515-0947 ◂

**PROVINSIALE KOÖRDINEERDERS**
*Daan Bosman*
Mpumalanga (Bronkhorstspruit)
▸ 082 579 1124 ◂

*Johan Kriel*
Vrystaat (Ladybrand)
▸ 079 497 4294 ◂

*Tonie Loots*
Noordwes (Zeerust)
▸ 083 702 1265 ◂

*Jerry Mthombothi*
Mpumalanga (Nelspruit)
▸ 084 604 0549 ◂

*Lawrence Luthango*
Oos-Kaap (Mthatha)
▸ 083 389 7308 ◂

*Jurie Mentz*
KwaZulu-Natal en Mpumalanga
▸ 082 354 5749 ◂

*Ian Househam*
Oos-Kaap (Kokstad)
▸ 078 791 1004 ◂

**ONTWERP, UITLEG EN DRUK**
*Infoworks*
▸ (018) 468-2716 ◂
www.infoworks.biz

infoworks
Your ideas can fly

**PULA IMVULA IS BESKIKBAAR IN DIE VOLGENDE TALE:**
***Afrikaans,***
Engels, Tswana, Sesotho,
Sesotho sa Leboa, Zulu en Xhosa.

*Ons poog om die beste moontlike publikasie uit te gee. Enige voorstelle of terugvoer oor die redaksionele inhoud of aanbieding, kan gerig word aan Jane McPherson.*

# Nominasies vir ons 2011 Ontwikkelende Graanprodusent van die Jaar

ander finansiële sake op die plaas.

Ongelukkig is Boy baie negatief oor die komende seisoen. Dit sal uiters tragies wees om so 'n uitstekende produsent te verloor wat alles op sy eie doen.




David is gebore in Middelburg in 1949 op die plaas Patatfontein. Hy help sy pa en oupa op die plaas, vandaar sy liefde vir boerdery vanaf 'n jong ouderdom. Hulle het volgens die ou metode, "derde deel" geboer, waar hulle die lande met osse bewerk en die insette voorsien het, maar wanneer oestyd gekom het, het hulle slegs 'n derde van die oes ontvang.

David het self sy finansiering gedoen, want hy het ander besighede soos die Naga varkboerdery, wat 'n goed ontwikkelde en volhoubare boerdery is. Hy glo dat elke boerdery-onderneming 'n entiteit op sy eie is en indien nie suksesvol is nie, beëindig hy dit. Hy koop sy saad by Monsanto en gebruik nie GM's nie. Die chemikalieë koop hy by Quemico en die kunsmis van Sasol Nitro. Hy is tevrede met sy insetverskaffers, omdat hulle nie verdwyn na die bestellings afgelewer is nie.

David wou nie kommentaar lewer op die rol wat die regering speel in landbou en in die ontwikkeling van produsente nie. Hy glo dat sy sukses in homself en sy finansies lê en 'n deel van sy sukses is dat hy nie glo aan kortpaaie nie – daar is net een manier en dis die regte manier.

Die grootste bedreiging vir sy vordering is natuurrampe, byvoorbeeld droogte, hael, of enige ander natuurramp. Die ander gevaar is die skommelinge in die mark, waar insettekoste nie tred hou met opbrengs nie en daar geen beheer is oor pryse is as gevolg van oorproduksie nie.

David sou graag wou uitbrei en meer hektare plant en hy het die meganisasievermoë om dit te doen. Oorlewing in die komende jaar sal wees om die mark korrek te ontleed en kommoditeite wat in aanvraag is, aan te plant om te oorleef.

Hierdie kompetisie is baie kompeterend, maar ons is verheug om die drie finaliste, Thando Lolwane, Malefane Makubo en Koos Mthimkhulu aan te kondig. Ons wens hulle alle sukses toe.

**JANE MCPHERSON, PROGRAMBESTUURDER VAN DIE GRAAN SA ONTWIKKELINGSPROGRAM VIR PRODUSENTE**

